

VALS VERKLARING OOR SUIKER, TEKSTIEL EN MOTORBANDE

Tshwane, 26 Mei 2022 - Die Onwettige Handeldryfeenheid (ITU) van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) in Durban, het kragtig opgetree teen 'n invoerder van 20 laaikiste suiker wat as rys, wat belastingvry is, verklaar is.

Met verifiëring en inspeksie van die geïdentifiseerde laaikiste, is dit bevind dat die besendings met opset vals verklaar is met die doel om die betaal van doeaneheffings te omseil.

In 'n tweede insident, het die ITU in Durban vyf laaikiste teruggehou wat deur 'n bekende motorbandmaatskappy ingevoer is. Daar is vermoed dat die invoerder die goedere valslik verklaar het om die betaal van die korrekte bedrag doeaneheffings en die nakoming van die Internasionale Handelsadministrasieraad (ITAC) se permitvereistes te omseil.

Volgens die doeaneverklaring is die laaikiste geklassifiseer as vellings met bande, waarop daar nie heffings betaalbaar is nie. 'n Inspeksie is uitgevoer by 'n gelisensieerde depot en daar is bevind dat die laaikiste bande bevat wat 'n 30% heffing vereis, 'n omgewingsheffing wat ook 'n ITAC-permit vereis.

In 'n derde insident, het die ITU-span in Gauteng inligting ontvang oor 21 laaikiste, wat deur verskeie invoerders ingevoer is, wat vermoedelik valslik verklaar is as staal pype, meublement, speelgoed en plastiekartikels.

Die 21 laaikiste is teruggehou en inspeksie uitgevoer, waartydens daar bevind is dat, van die 21 laaikiste, slegs 3 korrek verklaar is, met 18 wat valslik verklaar is. In plaas van staal pype, meublement, speelgoed en plastiekartikels, soos deur die klaringsagent verklaar is, het 18 laaikiste rolle materiaal, poolstof (wat gebruik word in die vervaardiging van komberse), kombersvervaardigingsmasjinerie, en ander moontlike nagemaakte goedere bevat. SARS sal potensiële kriminele klagtes lê vir al die bogenoemde vals- en misleidende verklarings.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het sy dank uitgespreek teenoor die lede van die ITU vir hul onvermoeide werk. Hy het 'n streng waarskuwing uitgereik aan handelaars wat betrokke is by nienakomende optrede, wat grens aan kriminaliteit. Hy het gesê: "SARS is besig om sy vermoë en kapasiteit uit te brei om nienakomende optrede op te spoor, en sal dit voortdurend duur en moeilik maak vir diegene wat kriminaliteit kies. Diegene wat vrywillig betrokke is by kriminaliteit, sal die gevolge van hul keuses moet dra".

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.